# DIE SKIETLOOD

251e Uitgawe 12 Junie 2026
saam met Koersvas 251

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS**
**DIE TWEEDE DEEL:**
**DIE VERLOSSING VAN DIE MENS (SONDAG 5-31)**
**Sondag 6**

**Vraag 17: Waarom moet hy terselfdertyd ware God wees?**
**Antwoord: Om deur die krag van sy Godheid** (*Jesaja 9:5 " Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors."; Jesaja 63:3 "Ek alleen het die wynpers getrap, niemand van die volke het My bygestaan nie. Ek het op hulle getrap in my toorn, Ek was woedend en Ek het hulle getrap. Hulle bloed het op my klere gespat, en Ek het my klere daarmee rooi gemaak.")* **die las van die toorn van God** (*Deuteronomium 4: 24 "Die Here jou God is 'n verterende vuur, Hy eis onverdeelde trou aan Hom."; Nahum 1:6 "Wie kan bly staan voor sy woede? Wie kan sy gloeiende toorn weerstaan? Sy gramskap breek deur soos 'n veldbrand. Rotse word voor Hom uit uitmekaar gebreek."; Psalm 130:3 "As U ons sondes in aanmerking sou neem, Here, wie sou dan nog bestaan?")* **in sy mensheid te kon dra en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee** (*Jesaja 53:4,5 "Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom.", Jesaja 53:11 "Ná sy bitter lyding sal hy weer die lig sien en hy sal die Here ken. My dienaar, die regverdige, sal baie mense regverdig maak: hy sal die straf vir hulle sonde dra.")*

**Kommentaar – Vraag:** - Vraag en antwoord 16 het aangedui dat perfekte geregtigheid Jesus se ware menswees-kroon was. Hierdie vraag fokus op die tweede aspek van die noodsaaklike twee nature van die Middelaar. Die woord "ware" plaas die fokus daarop dat Jesus nie een of ander geskepte goddelikheid of hoër wese met besondere gawes kon wees nie, maar God self moet wees. Net 'n herinnering; Jesus was ware mens – uitgesonder sonde. Dit maak nie Sy mensheid minder nie. Adam was ware en volle mens voor die sondeval, so die aanname dat sonde deel van menslikheid is, is nie korrek nie. Dit is waar dat ons in ons menslikheid deur die sonde vasgevang word, maar dit maak nie sonde essensieel tot menswees nie.

**Kommentaar – Antwoord:** - Slegs deur Sy Goddelikheid sou Hy in Sy mensheid die onbeperkte toorn van God kon dra. Enige wese beperk in bestaan, sal nie kan staan teen die onstuitbare ewige toorn van God nie. Al was Jesus se tyd op aarde beperk, het Hy in daardie tyd die ewige toorn met mag en krag op Homself geneem. Enige mens – selfs die sterkste onder ons – sou verpletter word deur die felheid van God se toorn. Slegs God kan die ewige toorn dra, verdra en nie daardeur vernietig word nie.

Dit gaan in die gesprek oor sonde, straf en herstel oor proporsies. Die straf en herstel moet direk proporsioneel wees, met ander woorde gelykstaande aan mekaar, veral ten opsigte van dit wat betref die herstel. Die ewige straf vra na

‘n ewige dra, al is dit in ‘n kort stonde gekonsentreer. Met ander woorde, Jesus as ware God kon met almag die ewige toorn en straf op Hom neem in Sy tyd hier op aarde. Ons moet nie ewigheid en tyd teen mekaar probeer afspeel nie. Die dra van die toorn ewenaar die straf vir die toorn, ongeag die terminologie wat ons gebruik om hierdie daad van Christus te beskryf. Anders gestel; die toorn wat Jesus ervaar het, is op dieselfde vlak as die straf wat met hierdie toorn gepaard gaan. Dit is hierdie volle prys wat betaal moet word.

Hierdie goeie daad se effektiwiteit kan op verskillende maniere illustreer word. Met ander woorde; hoe weet ons Jesus het die volle prys betaal? Die belangrikste is die feit dat Jesus uit die dood opgestaan het. Met daardie opstanding het Hy bewys gelewer dat Hy die volle prys betaal het. Het Hy in die dood gebly, sou dit aanduiding gewees het dat die volle prys nie betaal is nie. Ons kan daarom tot die gevolgtrekking kom dat die menslik-onmeetlike toorn, deur Hom ten volle ervaar, suksesvol gedra, en in totaliteit wegdra is. Dit kon Hy net doen indien Hy ware God is.

Die losprys wat hy betaal het, is van onskatbare, onmeetbare waarde (bokant begrip of woorde), want net sodanige losprys kan die volle betaling lewer. Net die oorvloedige betaling Jesus se offer, kan die mens in geregtigheid voor God herstel.

Jesus is die titel Seun van God waardig, Hy het absolute waardigheid uitgestraal, alles om ons te kan red. Hy is God self, deur wie alles geskep is, wat vir almal se sonde gesterf het sodat die hele skepping weer herstel kan word. Jesus het die volle las van die toorn van God op Hom geneem, tot en met die smarte van die hel, sodat ons daarvan verlos kon word. Net God kan ons red, net God kan die ware prys betaal.
Selfs al sou een mens in geregtigheid kon lewe, kan net daardie mens dalk aanspraak maak op verlossing. Gesien die verlorenheid van die mens, blyk die kanse daarvan skraal te wees. Elkeen moet vir die eie self instaan, en dit kan ons nie doen nie. Elkeen moet vir die eie self instaan, of ‘n borg kry wat die volle prys kan betaal. Jesus as ware mens is ten volle geregtig, en as ware God kan Hy vir elke mens instaan. Jesus is met ander woorde die een mens wat vir meer as Homself kan instaan, want as mens kan Hy aan daardie eis voldoen. As ware God is die impak van Sy geregtigheid ‘n genadegawe aan alle mense.

Net ware God kan die wil van God ken, verstaan en uitvoer. Jesus is die een wat God se wil in wese verstaan en God behaag het.